Hoërskool Swartland



Hoërskool Swartland

Beheerliggaam

Sportbeleid

Opgestel deur Beheerliggaam

P Bester
Voorsitter

AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum: 07 - 09 - 2018

SPORTBELEID

A. Doelstelling

Om deur die beoefening van sport aan die afrigter die geleentheid te bied om die kind te vorm tot 'n fisiese en emosioneel gebalanseerde mens. Onder die emosionele aspek word verstaan – selfbeheersing, selfdissipline, stabiliteit, sportmangees, temperament, geduld en verdraagsaamheid.

Die sosiale aspek behels samewerking, leierskap, goeie verhoudinge, aanvaarding, spanwerk, gehoorsaamheid en getrouheid.

Die fisiese aspek behels fiksheid, 'n gesonde lewenshouding en gewoontes, vryetydsbesteding, liefde vir sport en gesonde ontspanning.

Die bevordering en aanmoediging van volgehoue prestasie onder leerders.

B. Kleredrag en algemene voorkoms

1. Spelers mag slegs deelneem in die voorgeskrewe sportdrag van die skool. In die geval van eerstespanne, kan dit gewysig word met die goedkeuring van die klerekomitee.

2. Waar spandrag ter sprake is, kan dit slegs gedurende opwarming gedra word. Dit sluit nie die amptelike en goedgekeurde drag van die eerstespanne in nie. Huidige eerstespanlede mag wel Vrydae hulle geborgde baadjies dra, mits die formaat van die baadjie vooraf deur die klerekomitee goedgekeur is.

3. Voor en na wedstryde dra spelers hul amptelike skooldrag / skoolsweetpak / somersportdrag / goedgekeurde spandrag (by eerstespanne).

4. Die gebruik van amptelike sportsak(ke) / geborgde sportsakke is 'n vereiste en moet aangemoedig word.

5. Spelers moet te alle tye netjies op en van die veld voorkom. Die amptelike skoolreëls ten opsigte van voorkoms bly van toepassing.

6. Dit is die verantwoordelikheid van die afrigter om toe te sien dat sy spelers aan bogenoemde vereistes voldoen.

7. Toeskouers woon alle sportgeleenthede in skooldrag by tydens sportdae waarby die hele skool betrokke is, tensy ander reëlings vooraf getref word.

8. Alle wysigings van span- of uitstapdrag moet jaarliks, vroegtydig, aan die klerekomitee vir goedkeuring voorgelê word.

9. Met Interskole is skooldrag vir alle spanne verpligtend. Geen spesiale drag word toegelaat nie.

10. Nadat die reserwe vir die eerstespan opgetree het, moet hy/sy onmiddellik verklee om in te skakel by die res van sy/haar span wat later in die dag speel, waar van toepassing.

11. Kleredrag by oefening: die afrigter is verantwoordelik dat spelers in korrekte klere kom oefen. Korrekte, netjiese en skoon sportklere is 'n vereiste. Leerders wat onvanpaste oefendrag aan het, word NIE by die oefening toegelaat nie. Waar dit van spelers verwag word om beskermde toerusting byvoorbeeld mondstukke en kopskerms te dra, moet dit te alle tye gedoen word.

12. Die afrigters moet in toepaslike sportklere geklee wees tydens afrigtingsessies en moet tydens wedstryde paslik geklee wees in klere wat die skool se naam uitdra en bou.

C. Optrede op die veld / baan

1. Geen speler / atleet mag deur sy optrede die skool se naam in onguns bring nie.

2. Goeie sportmanskap moet seëvier.

3. Spelers en afrigters moet die beslissings van die skeidsregter aanvaar.

4. Na afhandeling van die wedstryd moet die skeidsregter en opponente bedank word.

5. In geval van swak gedrag / vuilspel, moet dit na die skool se tugkomitee verwys word vir optrede.

D. Afrigting

1. Afrigters (intern) word deur die skoolhoof aangestel in samewerking met die sportorganiseerder en bestuurspan van die skool.

2. Hulpafrigters (buite) kan na behoefte aangestel word. Dié afrigters moet bevoeg wees vir hul taak en mag vergoed word uit die sportbegroting. Alle reëls wat vir onderwysers geld, is ook van toepassing op hulpafrigters.

3. Kundige buite-afrigters moet waar moontlik vroegtydig genader word.

4. Afrigtingsessies geskied op tye en velde soos vooraf deur die skoolhoof en bestuurspan, in samewerking met die sportorganiseerder bepaal.

5. Addisionele oefeninge kan in uitsonderlike gevalle gereël word, mits dit nie met ander sportsoorte, spanoefeninge of kultuuraktiwiteite bots nie.

6. Vir die amptelike sportseisoen geld die volgende: Die somersportprogram begin amptelik vanaf September en die winterprogram aan die begin van Maart. Die afhandeling van die vorige seisoen se program moet egter voorrang geniet. Die voorseisoen se tye word deur die skoolhoof bepaal en uitgesit. Voorseisoen sport is algemene fiksheid en vaardigheid en nie proewe waar die moontlikheid bestaan dat leerders benadeel mag word nie.

7. Tydens afrigting moet die volgende beklemtoon word: goeie dissipline (wat ook stiptelikheid insluit); goeie voorbereiding en beplanning van oefensessies; fiksheid.

8. Daar word van spelers verwag om oefeninge stiptelik by te woon en daar moet opgetree word indien 'n speler sonder verskoning van 'n oefening wegbly.

9. Geen afrigtingsessie mag gekanselleer word sonder die kennisname van die sportorganiseerder of sportsameroeper nie. Dit moet in hoogs uitsonderlike gevalle gebeur.

10. Indien 'n speler professionele afrigting ontvang, moet hy/sy steeds alle spanoefeninge bywoon, alvorens hy/sy oorweeg kan word vir insluiting in spankeuse vir die naweek se wedstryde.

11. Waar die afrigtingstye van 'n speler betrokke by meer as een sport bots, moet afrigters tegemoetkomend optree.

12. Daar moet te alle tye goeie kommunikasie met buite-afrigters wees. Hulle moet deeglik ingelig wees.

E. Die rol van die afrigter

Hy / Sy moet :

- op hoogte bly deur kursusse by te woon en hom/haar in te studeer.
- goed voorbereid by afrigtingsessies opdaag.
- toesien dat goeie dissipline in plek is.
- omsien na sy/haar spelers se gedrag, voorkoms en drag.
- sorg dat beseerde spelers mediese sorg ontvang.
- verantwoordelikheid aanvaar vir die gedrag van sy ouers langs die veld.
- aan elke speler die geleentheid bied om te speel.
- die spelers bewus maak daarvan dat hulle eiendom deurgaans veilig is.
- wedstryde bywoon of toesien dat 'n geskikte persoon die spelers vergesel.
- sover moontlik te alle tye hou by die wedstrydbepalings deur self die voorbeeld te stel ten opsigte van gedrag op en langs die veld.
- sover prakties moontlik, sy/haar spelers na proewe vergesel.
- altyd teenwoordig wees by amptelike oefeninge tensy anders vooraf gereël.
- Die afrigters moet in toepaslike sportklere geklee wees tydens afrigtingsessies en moet tydens wedstryde paslik geklee wees in klere wat die skool se naam uitdra en bou.

F. Keuse van leiers

1. Spelers moet sover moontlik inspraak hê in die aanwys van hul leiers.

2. Gee verskillende spelers, aanvanklik, die geleentheid om leiding te neem in wedstryde.

3. Leiers moet begelei word.

4. In senior groepe kan 'n kaptein geken word in spankeuses.

5. Van 'n kaptein word verwag om respek op en van die veld of baan af te dwing, altyd positief te wees, nie verkleinerend teenoor sy spanmaats op te tree nie, 'n goeie motiveerder te wees, verantwoordelikheid te neem, die afrigter op hoogte te hou van die welstand van beseerdes of siektes, inligting deur te gee na spanlede, mede-verantwoordelikheid te aanvaar vir sy span se drag en gedrag, die skeidsregter voor die tyd te ontmoet en te verwelkom, sy opponente voor die tyd te verwelkom, die skeidsregter se beslissings te aanvaar, na die afhandeling van die wedstryd sy opponente en die skeidsregter te bedank.

6. 'n Kaptein behoort vir 'n seisoen te lei, tensy hy/sy beseer is en lank buite aksie is.

G. Keuse van spanne

1. Spanne word na afhandeling van die proewe deur die afrigters gekies en bestaan uit die aantal voorgeskrewe spelers.

2. Geen span word vir die hele seisoen gefinaliseer nie. Elke speler moet die geleentheid kry om hom-/haarself na hoër spanne te kan bevorder.

3. Spanne moet met die aanvang van die laaste oefening gefinaliseer word.

4. Geen speler wat nie aktief aan die laaste oefening deelneem, kan opgeneem word in 'n span nie, tensy hy/sy ander amptelike skoolverpligtinge gehad het.

5. Spanne vir Interskole moet alreeds gefinaliseer word by die voorafgaande wedstryd, behalwe in die geval van beserings.

6. Afrigters / keurders hoef nie hul spankeuse aan buite-persone of ouers te regverdig of te motiveer nie.

7. Daar mag nie teen spelers gediskrimineer word wat nog betrokke is by die huidige seisoen wanneer die proewe in die volgende seisoen se sportsoort plaasvind nie.

8. Spanne word op meriete gekies.

9. Voer 'n gesprek met 'n speler wanneer hy/sy vervang word, sodat hy/sy aan sy/haar tekortkominge kan werk.

10. 'n Speler wat afskuif, moet in die volgende span geakkommodeer word.

11. 'n Speler wat sonder verskoning wegbly van oefeninge kan uit die span uitgelaat word.

12. Spelers wat die meeste wedstryde in die seisoen in 'n posisie gespeel het, is geregtig op die span se drag, sakke, ens.

13. Waar 'n ranglys ter sprake is (tennis) moet spelers die geleentheid kry om mekaar uit te daag – tot twee posisies hoër. Die uitspeel moet binne 7 dae geskied.

14. 'n Speler wat om die een of ander rede nie kan deelneem nie, moet uit 'n laer span vervang word. In so 'n geval word spanne volgens die rangorde aangevul. (Geen speler mag dus twee wedstryde speel indien 'n ander een beskikbaar is nie).

H. Vervoer

1. Spelers reis per bus / saam met hul ouers / ander persone (met die goedkeuring van hul ouers), na wedstryde. Die afrigter moet op hoogte wees van watter spelers van privaatvervoer gebruik maak.

2. 'n Speler wat per bus gery het, keer op dieselfde bus terug. 'n Leerder sal slegs toegelaat word om saam met sy ouers of 'n persoon deur die ouer aangewys, terug te keer. Dit moet egter vooraf tussen die onderwyser op busdiens en die ouer gereël word.

3. Op elke bus sal 'n onderwyser/afrigter op toesigdiens wees. Hierdie persoon is verantwoordelik vir al die spelers / toeskouers op die bus en moet toesien dat almal daar is; let op die gedrag en voorkoms van leerders.

4. Vervoer sal tot met die eerste rondte proewe deur die skool verskaf word.

5. Alle busbestuurders moet oor 'n openbare bestuurspermit beskik.

6. Opvoeders wat die bus bestuur sal vergoed word.

7. Ritmagtigings moet vroegtydig deur die sportkantoor voltooi word.

I. Optrede na wangedrag of vuilspel

1. Die afrigter moet die skoolhoof en sportorganiseerder so spoedig moontlik verwittig.

2. Die afrigter moet hom/haar presies vergewis van die feite en omstandighede deur die skeidsregter na die tyd om 'n verduideliking van sy optrede te vra.

3. Die aangeleentheid moet die eerste dag daarna deur die afrigter na die tugkomitee verwys word.

4. Die tugkomitee bestaan uit die skoolhoof, die sportorganiseerder en die kode-organiseerder en die betrokke afrigter.

5. 'n Afrigter het die reg om 'n speler wie se optrede die skool se naam tot oneer strek, te vervang. Dié aangeleentheid moet ook na die tugkomitee verwys word.

6. Elke geval word op meriete hanteer.

7. 'n Speler kan na gelang van die erns van die oortreding vir een wedstryd / twee wedstryde / hele seisoen geskors word.

8. Vir die tydsduur van skorsing mag die speler nie oefeninge bywoon nie.

9. Indien nodig kan 'n speler gewaarsku of 'n opgeskorte vonnis opgelê word.

10. Herhaalde oortredings dien as verswarende omstandighede.

J. Optrede by beserings

1. Die afrigter moet toesien dat beseerde spelers vinnig behandeling van die noodhulpspan / die dokter wat diens doen, ontvang.

2. Indien verdere mediese behandeling benodig word, moet dit so spoedig moontlik geskied. 'n Afrigter of ander volwassene moet die beseerde vergesel. Indien 'n ouer teenwoordig is, kan die speler in dié se hande gelaat word.

3. Die afrigter moet die skoolhoof / sportorganiseerder so spoedig moontlik in kennis stel van 'n ernstige besering. Die sportorganiseerder is verantwoordelik om beserings wat tydens oefeninge of wedstryde opgedoen is, aan te teken.

4. Tref reëlings oor die persoonlike besittings van die beseerde.

5. Geen speler mag toegelaat word om voort te speel sonder die advies van die noodhulpspan/dokter nie.

6. Dit is die afrigter se verantwoordelikheid om die beseerde speler se vordering op te volg.

K. Noodhulp

1. Daar moet altyd goed opgeleide noodhulpspanne, met die nodige apparaat, by wintersportwedstryde aan diens wees. Indien dit nie in plek is nie, mag wedstryde nie voortgaan nie. Die noodhulpbeampte van die skool is verantwoordelik vir die reël van Noodhulp by tuiswedstryde.

2. Die personeellid/lede wat noodhulp op sy/haar buitemuurse werksverdeling het, moet kontroleer dat die inhoud van die noodhulptassie altyd volledig is.

3. Indien moontlik, moet 'n dokter aangestel word vir sportdae.

4. 'n Ambulans/noodvoertuig/skoolbussie moet beskikbaar wees om 'n beseerde so spoedig moontlik te vervoer.

5. Noodhulppersoneel en afrigters moet op hoogte wees van onmiddellike optrede in geval van 'n ernstige nek- en rugbesering.

6. Leerders en afrigters moet aangemoedig word om noodhulpkursusse by te woon.

L. Skeidsregters, lynregters en tellinghouers

1. Skeidsregters word deur die sportorganiseerder / kode-organiseerder aangestel.

2. Skeidsregters moet op hoogte wees met die reëls. Met die oog hierop behoort reëlbesprekings gereël te word.

3. Daar moet gepoog word om sover moontlik, neutrale skeidsregters vir die A-spanne aan te stel.

4. In die geval van O/19A-rugby word skeidsregters van die merietelys van Boland Rugby-unie gebruik.

5. Met Interskole moet 'n lys van skeidsregters vir goedkeuring aan Hugenote Hoërskool voorgelê word.

6. Volwassenes / skeidsregters / onderwysers moet as lynregters optree.

7. By alle rugbyspanne moet skeidsregters / afrigters met BOKSMART agtergrond as lynregters gebruik word.

8. Leerders kan as skeidsregters en tellinghouers (krieket) gebruik word. Hulle moet opgelei wees.

M. Sportdeelname van Buite

1. Leerders wat te oud is (bo-ouderdom) om in die laerskool aan 'n sportsoort deel te neem, kan aansoek doen om by die hoërskool in te skakel.

2. Geen onder ouderdom leerders sal by hoërskoolsport aanvaar word nie.

3. Vir buite leerders soos in 1 hierbo, geld die volgende:

3.1 'n Aansoekvorm wat by die skoolhoof beskikbaar is, moet ingevul word om aansoek te doen vir die spesifieke sportdeelname;

3.2 Die goedkeuring tot 'n sportsoort(e) waarborg NIE dat die kind in die daaropvolgende jaar of enige jaar outomaties tot Hoërskool Swartland goedgekeur en toegelaat sal word nie. Die volledige aansoek vir skooltoelating moet steeds voltooi en ingehandig word;

3.3 Leerders moet steeds kwalifiseer vir toelating volgens die skool se toelatingsbeleid en is aan 'n keuringsproses onderworpe;

3.4 Hierdie buite leerders hoef nie noodwendig tot 'n A-span toegelaat te word nie, kan ook in 'n ander span speel;

3.5 Hierdie spelers onderneem om hulle neer te lê by die gedragskode en reëls van Hoërskool Swartland en te alle tye die korrekte kleredrag aan te hê. Dit bly die verantwoordelikheid van die afrigter om toe te sien dat hierdie riglyne nagekom word.

3.6 Kostes verbonde: 'n Buite leerder mag gevra word om 'n deposito te betaal as hy/sy begin deelneem. As hy/sy toegelaat word tot Hoërskool Swartland, word die deposito as deel van skoolfonds verreken. Indien die kind egter nie toegelaat word nie, of enigsins aansoek doen vir toelating nie, word daardie deposito verbeur. Die finansiële komitee, in samewerking met die bestuurspan, sal jaarliks oor die kostes hieraan verbonde besluit.

3.7 Ouerbetrokkenheid van hierdie leerders se ouers sal sterk deur die skoolhoof en afrigters gepromoveer word.

N. Hantering van sportapparaat

1. Elke afrigter neem volle verantwoordelikheid vir die gebruik van apparaat.

2. Aangesien apparaat baie duur is, moet dit met sorg hanteer word.

3. Die afrigter moet apparaat wat herstelwerk benodig, rapporteer.

4. Die sportorganiseerder, in samewerking met die verskillende kode-organiseerders, begroot jaarliks vir die aankoop van sporttoerusting.

5. 'n Leerder / afrigter kan finansieel verantwoordelik gehou word wanneer sporttoerusting in sy besit of sorg beskadig of verlore raak.

O. Fasiliteite

1. Die sportkode organiseerder en of sy gedelegeerde neem verantwoordelikheid vir die oop- en toesluit van die fasiliteite, die netheid van die kleedkamers, toiletpapier en die reëlings met die snoepie.

2. Die sportkode organiseerder moet toesien dat die fasiliteite en sporttoerusting in 'n goeie toestand is en ook daarvoor begroot.

3. Die sportkode organiseerder is verantwoordelik vir die hou van inventarisse.

P. Deelname aan proewe en oefenkampe

1. Spelers word deur die kode-organiseerder / afrigters genomineer vir die eerste rondte proewe.

2. Vervoer word slegs vir die eerste rondte proewe deur die skool verskaf; daarna is ouers self vir die vervoer van spelers verantwoordelik.

3. Spelers is self verantwoordelik vir hul vervoer na oefenkampe/-groepe.

Q. Oorsese toere

Algemeen

1. Die lewensvatbaarheid van die toer moet bepaal word voor enige kommunikasie plaasvind.

2. Toere kan slegs in vakansies plaasvind – sien WKOD-beleid.

3. Die agentskap moet 'n bewese profiel van suksesvolle toere hê.

4. Prestasies van 'n span is 'n faktor, maar opvoedkundige aspekte sowel as die geleenthede vir leerders is ook faktore.

5. Aansoeke vir toere word op meriete deur die Beheerliggaam hanteer.

6. Toerreëls sal vir alle betrokkenes geld (ook ouers en personeel).

Finansies

1. Die afrigter / toerleier se koste is ingesluit by die toergroep. Vir elke 10 leerders kan daar een persoon saamgaan.

2. Fondsinsamelings mag nie met die skool s'n bots nie. Die insamelings moet aan die Beheerliggaam voorgelê word.

3. Leerders wat wil toer se skoolfonds moet vir die volle jaar betaal word.

4. Behoeftige leerders sal na verdienste hanteer word.

5. 'n Volledige begroting moet voorgelê word tydens die aansoek.

6. Die maksimum tydperk vir fondsinsameling is twee jaar.

7. Wisselkoerse moet in ag geneem word.

8. Die integriteit van die persoon wat met die finansies werk, moet bo verdenking wees.

9. Alle geld moet in die skool se rekening inbetaal word. Aparte rekeninge mag nie oopgemaak word nie (sien WKOD-beleid).

10. 'n Deposito van 20% moet binne 3 maande na goedkeuring van die toer deur die ouer betaal word.

Ouers

1. Hulle moet ingelig word t.o.v. koste per leerder.

2. 'n Volledige toerprogram moet aan hulle voorgelê word tydens die vergadering.

3. Vir deursigtigheid moet ouers weet of daar leerders is wat gesubsidieer word.

4. Ouers wat op toer gaan, gaan op eie koste.

5. 'n Vrywaringsvorm moet voltooi word wat die mediese besonderhede en die ouer se kontakbesonderhede van elke spanlid bevat.

Klere

Daar moet met omsigtigheid gekyk word na addisionele drag en die koste daaraan verbonde.

Projekleier

Die projekleier moet kwartaalliks aan die Beheerliggaam verslag doen.

R. Sportdeelname in 'n hoër ouderdomsgroep

Hierdie beleid is van toepassing op enige van die sportkodes wat deur Hoërskool Swartland aangebied word. Leerders wat oor uitstaande sporttalent in 'n spesifieke kode beskik sal toegelaat word om vir die skool se eerstespanne te speel op voorwaarde dat:

1. Die speler fisies en geestelik sterk genoeg is om die druk te kan hanteer, en dit vir die speler se ontwikkeling voordelig geag word.

2. Die speler en haar / sy ouers daarvoor skriftelik instem.

3. Die speler se spelpeil soveel beter is as die senior speler wat vervang word dat dit die prestasie van die span sonder twyfel sal verbeter.

4. Die insluiting van krag bly vir die betrokke seisoen.

5. Die skoolhoof 'n skriftelike motivering vanaf die afrigter ontvang en dit goedkeur voordat die speler tot die span verkies word. Die skoolhoof sal die sporthoofde raadpleeg in die geval van enige twyfel.

Addisioneel tot die 5 punte hierbo genoem, is die volgende van toepassing op die verskillende sportkodes ten opsigte van ouderdomme:

Atletiek en landlope:

Vir hierdie sportsoorte neem 'n atleet meestal slegs in sy/haar betrokke ouderdomsgroep deel. 'n Atleet mag wel in 'n hoër ouderdomsgroep aan 'n item deelneem indien daar nie so 'n item in sy eie ouderdomsgroep tydens 'n spesifieke byeenkoms aangebied word nie.

Swem:

Hier word in 3 ouderdomsgroepe meegeding, naamlik O/14, O/16, O/19 seuns en dogters. 'n Swemspan bestaan uit 'n minimum van 4 swemmers per ouderdomsgroep en geslag (4 swemmers in 'n aflos), dus in totaal uit ten minste 24 swemmers. Ouderdomsgroepe beskik nie altyd oor 4 swemmers nie, sodoende kan 'n hele ouderdomsgroep per geslag nie deelneem nie of aangevul word met jonger swemmers. Die maksimum lede van 'n swemspan is onbeperk.

Algemene reëls vir alle skole, oor ouderdomme, is dieselfde:

- Swemmers moet verkieslik in sy/haar ouderdomsgroep deelneem, soos hy/sy ouderdom op die 1ste Januarie van die spesifieke jaar;
- Klubswemmers swem volgens hul ouderdom van die dag;
- O/14-swemmers is in hul eie span, O/16-spanne bestaan uit O/15 en O/16-swemmers en die O/19-spanne bestaan uit O/17, O/18, en O/19-swemmers;
- Swemmers mag wel gekies word vir ouderdomsgroepe hoër as sy/haar eie, indien omstandighede dit vereis. (d.w.s 'n O/16 dogter mag O/19 swem);
- Swemmers mag slegs in een ouderdomsgroep by 'n gala deelneem. (bv O/16-swemmers mag nie by dieselfde gala lid wees van die O/19-aflosspan nie, tensy al die individuele items van die gala as ope-items geswem word); dit hang van die spesifieke gala se reëlings af.

Krieket:

Indien 'n afrigter voel dat 'n O/15-speler (ouderdom 15 in huidige jaar) goed genoeg is en emosioneel gereed is, mag hy in aanmerking kom om vir die skool se eerste krieketspan te speel.

Die volgende geld dan:

- Die speler mag dan slegs die O/19A-span (eerstespan) verteenwoordig en nie 'n ander O/19-span nie, of terselfdertyd die O/15-span nie;
- Indien hy nie vir die eerstespan speel nie, mag hy weer in aanmerking kom vir die O/15A-span;
- Die ouers van so 'n O/15-speler, moet skriftelik toestemming gee dat die speler die eerstespan mag verteenwoordig;
- Die speler oefen dus by die groep waar hy die komende wedstryd speel tot die afrigter hom anders wil aanwend.

Tennis:

Aangesien daar geen ouderdomsgroeperings vir tennis is nie, word die tennisspanne volgens meriete gekies.

Skaak:

Tydens die skaakoefeninge speel die leerders teen mekaar om te bepaal wie die beste spelers is. Daarvolgens word die rangorde vasgestel om te bepaal wie op bord 1, 2, ensovoorts gaan speel. Gewoonlik is dit ook 'n senior speler wat op bord 1 speel.

Toutrek:

In toutrek gaan dit oor gewig van die individu en uiteindelik die span, en nie noodwendig ouderdom nie.
Die volgende vereistes word egter gestel:

- 'n Leerder moet die emosionele druk van die span, program en kompetisie kan hanteer;
- 'n Leerder moet ten minste in graad 7 wees;
- 'n Toestemmingsbrief moet van die ouers verkry word oor die kind se deelname;
- 'n Dissiplinêre rekord van die leerder mag vereis en aangevra word;
- Die leerder en ouers moet bereid wees om 'n onderhoud met die skoolhoof toe te staan;
- Die leerder moet hou by die reëls en gedragskode van HS Swartland.

Gholf:

Die gholfspanne by HS Swartland word gekies volgens die betrokke speler (seun of dogter) se voorgee. Leerders moet skoolgaande ouderdom wees om te kwalifiseer om vir die skool te mag deelneem. Geen leerders wat nie by HS Swartland ingeskryf is mag vir die skool se gholfspanne speel nie, tensy hy/sy voldoen aan die reëls van oor ouderdom soos in punt M in hierdie beleid uiteengesit.

Rugby:

Ouderdomsgroepe word streng gevolg volgens BOKSMART se voorskrifte. HS Swartland is hieraan onderworpe.

Netbal:

Enige ouderdom speelster mag vir die skool se eerstespan gekies word en moet dan hanteer word soos in hierdie beleid, d.w.s die ouers moet toestemming verleen en dit moet skriftelik aan die skoolhoof deurgegee word.
Sodanige speelster mag dan net vir die eerstespan speel. Sy kan nie in haar eie ouderdomsgroep nog 'n wedstryd speel nie.
Die ander ouderdomsgroepe moet in hul eie ouderdom gekies word en speel.

Hokkie:

- Enige junior ouderdomsgroep speler word toegelaat om vir 'n seniorspan te speel, solank dit tot voordeel van die seniorspan is, sowel as voordelig vir die groei en ontwikkeling van die junior speler;
- Hierdie jonger ouderdomsgroep speler moet emosioneel en fisies sterk genoeg wees om in die seniorspan te funksioneer en mee te ding;
- O/14-spelers mag oorweeg word vir 'n seniorspan, sowel as sy/haar eie O/14-span, maar moet by die bank / "bench" van die seniorspan begin;
- O/16-spelers mag nie vir die O/16-, sowel as die O/19-span speel nie, as die speler egter opgetrek word na die seniorspan, dan moet hy/sy daar speel, tensy hy/sy deur die afrigter uitgeskakel word.

By HS Swartland is die ontwikkeling van die speler hoë prioriteit en die individu se beste potensiaal moet ontgin word. As 'n speler die nodige vaardighede het, maar nie die emosionele en fisiese vermoë het om op 'n hoër vlak deel te neem nie, dan moet die beste besluit tot voordeel van die kind geneem word.
Junior spelers wat die potensiaal toon om in seniorspanne opgetrek te word, moet eers deur die skool se hoof van hokkie oordink, met die leerder bespreek en geëvalueer word. Die finale besluit oor waar die speler gaan deelneem, lê by die hoof van die hokkie sportkode.

S. Ontvangs van Besoekers

1. Die sportkode organiseerder en indien moontlik, ook die afrigters en spanbestuurders, is verantwoordelik vir die ontvangs van besoekers.

2. Verversings word voor en/of gedurende die wedstryd aan die besoekende afrigters, spanbestuurders en personeellede voorsien soos deur die sportorganiseerder gereël.

T. Gedragskode vir toeskouers

1. Toeskouers moet te alle tye as ambassadeurs van die skool optree. Om dit te bewerkstellig, moet die volgende beginsels gehandhaaf word:

1.1 Aanvaar die gesag van die afrigter, sporthoof en skoolhoof.

1.2 Eerbiedig beslissings van die skeidsregter.

1.3 Weerhou hul van negatiewe opmerkings teenoor spelers, skeidsregters en mede-toeskouers.

1.4 Ouers moet hulle daarvan weerhou om in te meng met afrigting en spankeuses.

1.5 Erken goeie individuele vertonings van alle spelers.

1.6 Openbaar te alle tye goeie sportmangees. Negatiewe opmerkings van watter aard ook al, is onaanvaarbaar.

1.7 Tree beleefd teenoor besoekende spanne, beamptes en administrateurs op.

U. Algemeen

1. Leerders moet aangemoedig word om aan ten minste een somer- en een wintersport deel te neem.

2. Veelsydigheid moet aangemoedig word. In dié verband moet verskillende sportsoorte en kultuur-aktiwiteite mekaar akkommodeer. Afrigters moet mekaar hier tegemoet kom en dit mag nie teen 'n speler gehou word nie.

3. Onderwysers/afrigters moet te alle tye die voorbeeld stel deur te let op hul kleredrag, stiptelikheid, optrede, selfbeheersing, regverdigheid en billikheid.

4. Alle sportkodes word eenvormig hanteer.

5. Die winterprogram sluit af met Interskole. Slegs wedstryde wat vooraf geskeduleer is, sal verder afgehandel word.

6. Uitslae van wedstryde moet deur die kode-organiseerder van elke sport vir publikasie deurgegee word.

7. Daar sal slegs in hoogs uitsonderlike gevalle van hierdie beleid afgewyk word. Enige wysigings aan hierdie beleid moet deur die Beheerliggaam aangebring en goedgekeur word.

----------EINDE VAN DOKUMENT ----------